**DROOM OOR DIE OORDELE VAN GOD WAT NOU OP DIE AARDE VAL**

Ons lees in die Openbaringe van Johannes (NT) van die skale van God wat op die aarde uitgegooi word. Hierdie visioene van Johannes is al feitlik almal voltrek behalwe vir die laaste paar skale wat ons weet tot vervulling sal kom.

As ons drome ontvang en visioene van God is is ons verplig om dit met ander gelowiges te deel want dit is die teken dat God in ons midde is en ook dat die Here in beheer van alles is.

In die vroeë oggendure van 27 Januarie het ek die volgende droom van die Here ontvang. Ek het dit alreeds met `n aantal gelowiges gedeel.

Ek was tussen mense. Dit was donker en daar was `n groot samedromming van baie mense. Ek het skielik `n groot gerammel gehoor bo my en opgekyk. Dit was `n gedreun en die geluid in die hemelruim was sterk - `n mens weet dadelik dat dit ongewoon is. Ek het gesien die wolke het soos blokke gelyk, soos vierkante maar wat uit wolke wat soos watte lyk wat uitgerek is bestaan – soos ek dit kan beskryf want dis moeilik om die tipe visioene te beskryf.

Ek het gesien hoe vurige blitse agter die wolke flits en die gerammel was sterk. Ek het skielik 'n breë pilaar wat ook soos `n band lyk – vurig en geel kleurig – in die hemel sien verskyn en dit het soos die Aids teken wat ons gewoonlik sien in promosies, ensovoorts gevorm (met `n draai of ronding dan aan die punt) – die teken het in die hemelruim verskyn - baie groot en indrukwekkend.

Die blitse het geflits en die gerammel was soos baie sterk donderweer. Die Here gee dit toe vir my : Daar gaan vuur uit die hemel op die aarde val.

Ek het eerstens die Openbaringe Boek gelees oor die skale van God. Toe het ek gebid want ek het geweet dat dit het met die mensdom en die oordele van God te doene maar ek het die Here gevra wat dit alles beteken omdat die teken in die hemele vir my eienaardig was – die Here het veral my aandag getrek na `n sondaar in die droom wat Hom glad nie ken nie (God gee ons leidrade ook in visioene en sodat Hy ons kan help om Sy boodskap aan ons te kan verklaar).

Ek voel sterk daaroor dat `n visioen of droom van God in detail beskryf moet word want alles in goddellike drome het gewoonlik 'n betekenis en boodskap wat God aan ons tuis wil bring. Ek het twee dae so in stilte aan die openbaring van God gedink en ek het die Here vir die regte verklaring daarvan gevra. Die Here toe, skielik, vir my die antwoord gegee. Die Here het Dave Wilkerson se visioen wat hy in die sewentigerjare van God ontvang het voor my gebring met die profetiese woord: “God is going to judge this lovesick world!”

Die judgment: God is moeg vir die mens se sondebedrywery en veral moeg vir die metodes wat gebruik word om diere te torture en hulle leed aan te doen net om die mens se erotiese uitlewing optimaal in plek te kan hou en te verbeter. Dis `n harde boodskap inderdaad, maar God sien die lyding raak! En God luister veral as Sy bloedgewaste kinders teen ongereigtigheid begin uitroep na God!

Die Here het ongeveer 10 jaar gelede `n profesie deur `n gesalfde vrou gegee waarin Hy

verklaar het dat Sy oë kan nie langer die wreedheid teen mens en dier op aarde verdra nie!

Al sou ek dan ook verwerp word oor hierdie tipe teregwysende boodskap wat van myself kom of van ander, al sou allerlei dinge dan aan my/ons gekoppel word met die uitgee van hierdie tipe boodskap: God wil dit so hê en ons moet meer gehoorsaam aan Hom wees as aan die mensdom. Wees dan `n ware instrument van God en skaar jouself by God se voorskrifte. God roep die mens altyd op tot bekering want Hy weet wat heilsaam is vir die gevalle mens en wie Hy oor Sy skepping aangestel het!

God se vuur val nou op die aarde en pessiektes is een van God se oordele, ook hongersnood. Al voel mens dan hoe jammer ookal vir die wat ly, God is moeg vir die mens se sondebedrywery en veral ekstreme selfbehaging. Hy het ook voorskrifte in Torah gegee wat om te eet en wat nie. Ons het God se wette en reëls wat heilsaam vir die mens is, verag! En ons gaan selfs sover om dinge wat God in Sy voorgeskrewe Woord vir ons gegee het te verdraai net omdat ons ons nie wil neerlê by God se duidelike voorskrifte nie. Tereg het iemand op `n dag verklaar: “Doctor, do you want to play Doctor to God?”

God is groot en almagtig en dit is tyd dat ons Sy Krag en Bestaan in werking sien maar ongelukkig sal ons dit sien nie soos ons dit wil hê nie want God se laaste skale val nou op die aarde en nie jy of ek sal dit kan keer nie. Al wat ons kan doen is om nader te beweeg na die voete van Jesus toe en waar ons enigste heil lê!

'n Woord aan sogenaamde “kinders van God” wat graag voorgee dat hulle die Here behaag maar wat dinge doen teen hulle medemens wat God mishaag : Kry klaar om voor te gee asof jy vir God lewe maar dit nie doen nie! En veral om mense wat God dien te etiketeer en asof hulle skuldig is aan immorele dinge en sondebedrywing wat God mishaag. God gaan die tipe ook nie meer lank spaar nie! Laster en valse getuienis is volgens die Woord strafbaar met die dood en niemand wat dit doen sal kan ontkom nie.

Die werk van God is in die algemeen in `n ellendige, sondebedrywende toestand! Kry dan, met die tekens van God se oordele in gedagte en wat nou besig is om plaas te vind - en wat sal voortduur tot by die wederkoms van Jesus - klaar met laster en valse beskuldigings, ook allerlei oortredinge wat nie pas by iemand wat Christus se Naam dra nie. Skaar jou by God en doen wat Hom, die Almagtige, behaag! Tevergeefs woon ons oplewende kerkdienste by! Tevergeefs juig ons voor die Here! God se vereiste is: “Bely jou sonde en hou op om moedswillig voort te leef in sonde!”

Aan die wat getrou is en wie hulle lewens oplyn met God se Woord: Jesus verklaar: “Kyk Ek bly by julle tot aan die voleinding van alle dinge!” Matt. 28.

Ester Blomerus
2020-02-03
www.housealtarnetwork.com

Die Here het `n pessiekte wat ons hier sal tref aangekondig in die tagtigerjare. Evangelis Arie R J Blomerus (1910-1997) het verklaar: "Ek sien `n swart hand (dis die dood) oor Suid- Afrika beweeg, bid vir julleself en bid vir julle kinders, bid soos nog nooit vantevore

nie!” Hy het gesê dis `n siektetoestand. Die Here het ook deur hom in 1984 tornadoverwoestings in S.A. Aangekondig en iemand het opgemerk nadat die profesie uitgegaan het: “And South Africa is not a tornado country.” 'So ons kan sien hoedanig God optree want alles is onder Sy beheer. Ek sal van tyd tot tyd die tipe profesie met kinders van God deel. Profesie is vir die gelowige (1 Kor. 14) en vir die wat aan die Heilige Gees gawes glo en weet dat dit nogsteeds van krag is omdat die Volmaakte nog nie gekom het nie (1 Kor. 13.10).